10. (1) Onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur en die Division of Revenue Act val enige voorwaardelike toekenning wat nie teen die einde van 'n munisipale finansiële jaar deur 'n munisipaliteit bestee is nie, terug op die Provinsiale Inkomstefonds, tensy die betrokke munisipale ontvangsbeampte tot die bevrediging van die Provinsiale Tesourie en die oordraende provinsiale beampte kan bewys dat die onbestede toekenning vir identifiseerbare projekte bestem is. 40
- (2) Die Provinsiale Tesourie kan, op versoek van 'n oordraende provinsiale beampte of 'n munisipaliteit beoog in subartikel (1), goedkeuring verleen dat die voorwaardelike toekenning deur die munisipaliteit behou word vir besteding in die volgende munisipale finansiële jaar. 45
- (3) Enige fondse wat ingevolge subartikel (1) op die Provinsiale Inkomstefonds moet terugval en wat nie ingevolge subartikel (2) deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur is om behou te word nie, moet deur die munisipaliteit aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal word. 50
- (4) Die Provinsiale Tesourie kan enige fondse wat ingevolge subartikels (1) en (3) aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal moet word, maar wat nog nie terugbetaal is nie, ooreenkomstig subartikel (5) verreken teen toekomstige voorwaardelike toekennings aan daardie munisipaliteit. 55

- (5) Voordat die Provinsiale Tesourie enige bedrae teen toekomstige voorwaardelike toekennings aan 'n munisipaliteit ingevolge subartikel (4) verreken, moet die Provinsiale Tesourie die oordraende provinsiale beampte en betrokke munisipale ontvangs-beampte—
- (a) skriftelik kennis gee van sy voorneme om bedrae teen toekomstige betalings vir voorwaardelike toekennings te verreken; en 5
 - (b) 'n geleentheid gee om, binne 14 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing bedoel in paragraaf (a)—
 - (i) skriftelike vertoë in te dien wat tot die bevrediging van die Provinsiale Tesourie bewys dat die onbestede voorwaardelike toekenning óf ooreenkomstig die tersaaklike raamwerk bestee is óf vir identifiseerbare projekte bestem is; 10
 - (ii) ander middele voor te stel wat aanvaarbaar is vir die Provinsiale Tesourie waardeur die onbestede voorwaardelike toekennings aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal sal word; of 15
 - (iii) 'n alternatiewe betalingsreëling voor te stel ingevolge waarvan die onbestede voorwaardelike toekennings aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal sal word.
- (6) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (5) moet die voorgenome bedrag wat teen toekennings verreken staan te word, en die redes vir die verrekening van die bedrae insluit. 20

Delegasies en opdragte

11. (1) Die Provinsiale Minister kan enige van die bevoegdhede of enige van die pligte wat ingevolge hierdie Wet aan die Provinsiale Tesourie toevertrou is, aan die Departementshoof deleger of opdra. 25
- (2) 'n Delegasie of opdrag bedoel in subartikel (1)—
- (a) moet op skrif wees;
 - (b) kan onderhewig aan voorwaardes gemaak word;
 - (c) kan skriftelik deur die Provinsiale Minister ingetrek of gewysig word;
 - (d) onthef nie die Provinsiale Tesourie van die verantwoordelikheid ten opsigte van die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die opgedraagde plig nie; 30
 - (e) verhinder nie die Provinsiale Tesourie om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie; en
 - (f) kan die verdere delegering van daardie bevoegdheid of verdere opdrag van daardie plig aan 'n ander werknemer in die Provinsiale Tesourie of die houer van 'n spesifieke amp of posisie in die Provinsiale Tesourie toelaat, in welke geval paragrawe (a) tot (e) van toepassing is, met die nodige veranderings. 35
- (3) Die Provinsiale Minister kan enige besluit geneem deur die Departementshoof as gevolg van 'n delegasie of opdrag ingevolge subartikel (1) of deur 'n ander werknemer van die Provinsiale Tesourie of houer van 'n spesifieke amp of posisie in die Provinsiale Tesourie as gevolg van 'n verdere delegasie of 'n verdere opdrag ingevolge subartikel (2)(f), bevestig, verander of herroep, onderhewig aan enige regte wat moontlik as gevolg van die besluit gevestig geraak het. 40
- (4) 'n Oordraende provinsiale beampte kan enige van die bevoegdhede of enige van die pligte wat ingevolge hierdie Wet aan die oordraende provinsiale beampte toevertrou is, aan 'n amptenaar in dieselfde departement deleger of opdra. 45
- (5) 'n Delegasie of opdrag aan 'n beampte ingevolge subartikel (4)—
- (a) moet in oorleg met die Provinsiale Tesourie gedoen word;
 - (b) moet op skrif wees, en 'n afskrif daarvan moet aan die Provinsiale Tesourie voorgelê word; 50
 - (c) is onderhewig aan enige beperkings en voorwaardes wat die Provinsiale Tesourie kan oplê;
 - (d) is onderhewig aan enige beperkings en voorwaardes wat die oordraende provinsiale beampte kan oplê; 55
 - (e) kan óf aan 'n spesifieke individu óf aan die houer van 'n spesifieke pos in dieselfde departement wees;
 - (f) kan deur die oordraende provinsiale beampte skriftelik ingetrek of gewysig word;

- (g) onthef nie die oordraende provinsiale beampte van die verantwoordelikheid ten opsigte van die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die opgedraagde plig nie; en
 - (h) verhinder nie die oordraende provinsiale beampte om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie. 5
- (6) Die oordraende provinsiale beampte kan enige besluit wat deur 'n amptenaar as gevolg van 'n delegasie of opdrag ingevolge subartikel (5) geneem is, bevestig, verander of herroep, onderhewig aan enige regte wat moontlik as gevolg van die besluit gevestig geraak het.

Kort titel

10

12. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Begrotingswet, 2022.

BYLAE
(As 'n las teen die Provinsiale Inkomstefonds)

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1	Premier	1 825 280	640 851	1 122 393		21 866	40 170		623 108
2	Provinsiale Parlement	176 502	91 186	27 158		53 711	4 447		
3	Provinsiale Tesourie	321 610	206 682	58 098		51 476	5 354		35 401
4	Gemeenskapsveiligheid	776 125	165 211	104 135		497 310	9 469		439 626
5	Onderwys	28 032 601	19 500 308	3 308 321		3 820 779	1 397 699	5 494	3 812 931
6	Gesondheid	29 094 331	16 700 121	9 466 986		1 832 255	1 094 969		7 829 482
7	Maatskaplike Ontwikkeling	2 285 335	994 173	210 800		1 030 536	49 826		201 725
8	Menslike Nedersettings	2 414 805	240 236	108 002		2 060 609	5 958		2 116 034
9	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning	568 586	241 071	23 729		299 101	4 685		68 989
10	Vervoer en Openbare Werke	9 106 398	1 177 477	2 903 569		1 995 266	3 030 076	10	2 643 729
11	Landbou	969 218	443 638	235 043	135	266 781	23 621		307 386
12	Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme	514 798	133 289	52 487		326 183	2 839		253 794
13	Kultuursake en Sport	937 913	234 250	184 664		483 784	35 215		490 530
14	Plaaslike Regering	309 301	208 354	73 918		20 884	6 096	49	25 416
		77 332 803	40 976 847	17 879 303	135	12 760 541	5 710 424	5 553	18 848 151

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaal-bates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1	Departement van die Premier <i>Doel: Om 'n bekwame Wes-Kaapse Regering moontlik te maak en te bestuur deur 'n kultuur van innovasie en samewerking aan te wakker om beter dienste aan die mense van die Wes-Kaap te lewer.</i>	1 825 280	640 851	1 122 393		21 866	40 170		623 108
	1 Uitvoerende Regeringsbestuur en Integrasie (Administrasie) <i>Om uitvoerende regeringsondersteuningsdienste te verleen.</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies</i> <i>(radio en televisie)</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Geskenke en donasies: Verskeie projekte volgens versoek</i>	103 000	82 112	18 978		309	1 601		
	2 Provinsiale Strategiese Bestuur <i>Om provinsiale strategiese bestuur te lei en te koördineer deur middel van beleid- en strategiesteun, die gebruik van data en bewyse en die institutionalisering van strategiese programme regoor die Wes-Kaapse Regering.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geoomerkte toekenning: Innoverende inisiatiewe - Om burgergesentreerde dienslewering te dryf en innoverende metodologieë te onderskryf wat daarop gemik is om strategiese en komplekse probleme op te los.</i> <i>Geoomerkte toekenning: Kinderkommissaris</i>	86 288	47 944	37 792		502	50		
	Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies</i> <i>(radio en televisie)</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys: Versterk bydrae van hoër onderwys tot die provinsiale ekonomie.</i>					2			13 345
	3 Mensebestuur <i>Om 'n dwarsleggende mensebestuursdiens te verleen, bestaande uit organisatoriese ontwikkeling, opleiding en bemagtiging, en mensepraktyke.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geoomerkte toekenning: Innoverende inisiatiewe - Om burgergesentreerde dienslewering te dryf en innoverende metodologieë te onderskryf wat daarop gemik is om strategiese en komplekse probleme op te los.</i>	209 920	179 095	29 464		21	1 340		
	Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies</i> <i>(radio en televisie)</i>					21			6 950

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaal-bates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
4	<p>Sentrum vir E-innovering</p> <p><i>Om diensuitnemendheid deur middel van inligtingskommunikasietegnologie vir die mense van die Wes-Kaap moontlik te maak.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Geoomerkte toekenning: Breëbandprojek</i></p> <p><i>Geoomerkte toekenning: Breëband vir munisipaliteite.</i></p> <p><i>Geoomerkte toekenning: Bestuur kuberbeveiligingsdienste en infrastruktuur-opskerping.</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Departementele agentskappe en rekeninge</i></p> <p><i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i></p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Besigheidshoekies by biblioteke: Vestiging en onderhoud van e-sentrums.</i></p>	1 245 157	206 030	981 223		21 025	36 879		476 000 31 000 55 400
5	<p>Korporatiewe Sekerheid</p> <p><i>Om ondememingsrisikobestuurs-, interne-oudit-, provinsiale forensiese, regs- en korporatiewekommunikasiedienste te verleen.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Geoomerkte toekenning: Regs-, bestuurs- en ondersoeksteun aan munisipaliteite.</i></p> <p><i>Geoomerkte toekenning: Strategiese kommunikasie en COVID-19 inentings veldtog</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Departementele agentskappe en rekeninge</i></p> <p><i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i></p>	126 751	74 580	51 913		8	250		2 500 25 000
6	<p>Regsdienste</p> <p><i>Om omvattende regsdienste aan die Wes-Kaapse Regering te lewer.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Geoomerkte toekenning: Regs-, bestuur- en ondersoek ondersteuning</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Departementele agentskappe en rekenings</i></p> <p><i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i></p>	54 164	51 090	3 023		1	50		2 500
						1			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
2	Provinsiale Parlement <i>Doel: Die administrasie van die WKPP is daartoe verbind om die WKPP te dien, te ondersteun en te versterk deur: Professioneel en innoverend in ons prosesse en werksaamhede te wees en etiese en goeie bestuurstoetsigpraktyke aan te kweek; Ons Lede en personeel te bemaagtig om optimaal te funksioneer; Die grondwetlike mandaat van wetgewing, openbare deelname en toesig te fasiliteer in belang van die mense van die Wes-Kaap; en Die WKPP plaaslik, nasionaal en internasionaal te bevorder.</i>	176 502	91 186	27 158		53 711	4 447		
	1 Bestuurspraktyk (leierskap) en administrasie <i>Om algehele strategiese leiding en rigting aan die WKPP te gee.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies</i> <i>(radio en televisie)</i> <i>Huishoudings</i> <i>Geskenke en donasies: Bestuursaansporingsbelonings</i>	78 910	56 199	18 278		86	4 347		
	2 Parlementêre steundienste <i>Om doeltreffende prosedurele en verwante ondersteuning aan die Huis en komitees te verskaf en om openbare deelname te fasiliteer.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Huishoudings</i> <i>Geskenke en donasies: Bestuursaansporingsbelonings</i>	23 830	19 958	3 746		26	100		
	3 Openbare skakeling <i>Om toe te sien dat doeltreffende openbare skakeling plaasvind en om openbare betrokkenheid by wetgewing en ander prosesse te fasiliteer.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Huishoudings</i> <i>Geskenke en donasies: Bestuursaansporingsbelonings</i>	14 222	12 678	1 526		18			
	4 Ledesteun <i>Om aan Lede en politieke partye bemaagtigingsfasiliteite en voordele te verskaf.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Buitelandse regerings en internasionale organisasies</i> <i>Ledegeld: Parlementêre Vereniging van die Statebond</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Politieke partye: Sekretariële en kiesafdelingstoelaes</i> <i>Huishoudings</i> <i>Werknemersbystandsvordele: Aftreevoordele vir lede</i>	59 540	2 351	3 608		53 581			
						338			
						51 776			
						1 467			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaal Bates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
3	Provinsiale Tesourie <i>Doel: Bevordering van samehorigheid en inwonergesentreerdheid.</i> <i>Om kapasiteit in die openbare sektor op te bou deur aanpasbaar, innoverend en ondersteunend te wees.</i> <i>Geïntegreerde bestuur en vennootskappe wat die lewering van kwaliteitsdienste op 'n volhoubare manier moontlik maak.</i>	321 610	206 682	58 098		51 476	5 354		
	1 Administrasie <i>Om strategiese rigtinggewing en gehalte finansiële en ander steundienste aan die Minister en Hoof van die Departement te voorsien.</i> <i>Waarvan</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i> <i>Huishoudings</i> <i>Beurse betaalbaar aan nuwewerke</i>	59 260	39 724	11 674		2 508	5 354		
	2 Volhoubare Hulpbronbestuur <i>Om die doeltreffende en doelmatige bestuur van provinsiale en munisipale finansiële hulpbronne te verseker.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geommerkte toekenning:</i> <i>Wes-Kaap Finansiële Bestuur Ondersteuningstoewysing</i> <i>Verskuiwing van Verbetering van</i> <i>Infrastruktuurontwikkelings-program</i> <i>Munisipale Intervensies</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Provinsies en munisipaliteite</i> <i>Munisipaliteite: Om munisipaliteite te ondersteun om hul finansiële bestuursvermoëns te verbeter.</i> <i>Munisipaliteite: Om munisipaliteite te help om hul funksies effektief te verrig, insluitend die koördinerende en geïntegreerde funksies en ondersteuning wat verband hou met die verbetering van algehele finansiële bestuur en finansiële volhoubaarheid binne munisipaliteite wanneer daar 'n munisipale intervensie is.</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Wes-Kaapse Raad op Dobbelaar en Wedrenne</i>	144 237	81 170	14 915		48 152		18 759 2 735 5 409	
	3 Batebestuur <i>Om beleidsrigtinggewing te verleen, en om die bestuur van provinsiale finansiële stelsels, roerende bates en voorsieningskettingsbestuur binne die provinsiale en munisipale sfeer te fasiliteer en toe te pas.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geommerkte toekenning:</i> <i>Verskuiwing van Verbetering van</i> <i>Infrastruktuurontwikkelingsprogram</i> <i>Hervorming van voorsieningskettingsbestuur - uitvoering insluitend verkrygingsdatasentrum</i> <i>Voorsieningskettingsbestuurhervorming - om waarde vir geld aan te moedig</i> <i>Batebestuur</i>	76 374	48 039	28 335		27 000		2 500 3 000 1 500 1 498	
	4 Finansiële Staatsbestuur <i>Om rekenpligtigheid en finansiële staatsbestuur binne departemente, entiteite en munisipaliteite te bevorder.</i> <i>Waarvan</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Huishoudings</i> <i>Werknemersbystandsvoordele:</i> <i>Verlofgrafifikasie</i>	41 739	37 749	3 174		816			
						816			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaal-bates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
4	Gemeenskapsveiligheid <i>Doel: In die strewende na gemeenskapsveiligheid sal die Departement professionele polisiëring bevorder deur effektiewe oorsig soos deur wetgewing bepaal, veiligheidsvennootskappe met gemeenskappe en ander belanghebbendes (hele samelewing) te kapasiteer; en veiligheid in alle openbare geboue en ruimtes te bevorder.</i>	R'000 776 125	R'000 165 211	R'000 104 135	R'000	R'000 497 310	R'000 9 469	R'000	R'000 439 626
	1 Administrasie <i>Om aan die Departement en verwante entiteite strategiese rigting en ondersteunings-, administratiewe, finansiële en uitvoerende dienste te lewer. Die doel van die Program is om doeltreffende steun aan die ministeriële kantore, Departementshoof, Wes-Kaapse Polisie-ombudsman en Wes-Kaapse Drankowerheid te bied wat betref die funksies van strategiese leierskap en effektiewe bestuur insluitende finansiële bestuur.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Wes-Kaapse Drankowerheid: Ondersteuning aan</i> <i>Drankraad om die drankbedryf te reguleer</i>	105 188	46 621	11 467		45 688	1 412		
	2 Provinsiale Sekretariaat vir Polisie diens <i>Om toesig te hou oor die gedrag, effektiwiteit en doeltreffendheid van wetstoepassingsagentskappe in die Provinsie.</i> <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Maatskaplike</i> <i>Sektor: Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP)</i> <i>Aansporingstoekenning aan provinsies</i> <i>Geoomerkte toekenning: Skepping van veiliger</i> <i>gemeenskappe: Professionalisering van buurtwagte</i> Oordragte en subsidies <i>Provinsies en munisipaliteite</i> <i>Veiligheidsinisiatief Implementering - Samelewing as</i> <i>geheel-benadering (WoSA)</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) -</i> <i>Werkloosheidsversekeringsfonds</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Veiligheidsprogramme - Buurtwag</i> <i>Huishoudings</i> <i>Gemeenskapspolisiëringsforums Projekbefondsing</i>	83 941	51 165	23 570		7 670	1 536		3 821 5 710

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaal-bates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3	Provinsiale Polisiëeringsfunksies <i>Om te help met die implementering van die grondwetlike mandaat wat aan provinsies gegee is, ingevolge hul rol in die bevordering van goeie verhoudinge tussen gemeenskappe en die polisie deur sy gemeenskapsinklusiewe benadering en om te verseker dat alle dienslewingsklagtes oor polisiëring in die Provinsie onafhanklik en effektief aangespreek word.</i>	477 383	8 230	24 806		443 952	395		
	Waarvan Geoomerkte toekenning: Hulpbronfinansiering vir die vestiging en ondersteuning van 'n K9-eenheid								5 840
	Geoomerkte toekenning: Vorderingsplan vir wetstoepassing								400 000
	Geoomerkte toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP): Werkskepping								10 480
	Geoomerkte toekenning: Uitbreiding van Chrysalis Akademie								7 688
	Geoomerkte toekenning: Hulpbronfinansiering te verskaf vir die vestiging van 'n Wetstoepassingsreaksie-eenheid								6 087
	Oordragte en subsidies Provinsies en munisipaliteite Wetstoepassingsdiens					2 852			
	Vorderingsplan vir wetstoepassing					400 000			
	Hulpbronfinansiering te verskaf vir die vestiging van 'n Wetstoepassingsreaksie-eenheid					6 958			
	Hulpbronfinansiering vir die vestiging en ondersteuning van 'n K9-eenheid					8 840			
	Huishoudings Projek Chrysalis-fonds: Wes-Kaap					25 271			
	Geskenke en donasies					31			
4	Sekuriteitsrisikobestuur <i>Om 'n 'regering as 'n geheel' benadering in werking te stel tot die bou van meer veerkragtige instellings.</i>	109 613	59 195	44 292			6 126		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaal-bates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
5	Onderwys <i>Doel: Die missie van die Departement is om te verseker dat elke kind kwalitatiewe leergeleenthede het in 'n funksionele en instaatstellende omgewing om kennis, bekwaamhede, vaardighede en waardes te verwerf om in 'n veranderende wêreld te slaag</i>	28 032 601	19 500 308	3 308 321		3 820 779	1 397 699	5 494	3 812 931
	1 Administrasie <i>Om oorhoofse bestuur aan die onderwysstelsel te voorsien ooreenkomstig die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996), die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), en ander beleid.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Naskoolse onderrigaansporing (Massa deelname; geleenthede en toegang; ontwikkeling en groei (MOD): Nagraadse studieleiers)</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Fondse voorsien aan gewone openbare skole vir subsidie ten opsigte van internetkonnektiwiteit, rekenaartoerusting aan skole, Veilige Skole, Hoërskool-verbeteringsprogram, LITNUM-toekennings en biblioteekdienste</i> <i>Huishoudings</i> <i>Werknemersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i>	1 462 216	1 045 672	306 508		58 963	45 579	5 494	4 000
	2 Gewone Openbare Skoolonderrig <i>Om gewone openbare onderrig vanaf Graad 1 tot 12 ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), en Onderwys Witskrif 6 op Spesiale Onderwys: Die vestiging van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel (Julie 2001) (Witskrif 6). E-onderwys word ook ingesluit.</i> <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Skoolvoedingsprogram</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Maatskaplike Sektor Uitgebreide Openbareweprogram (UOWP) Aansporingstoekennings vir Provinsies</i> <i>Geoormerkte toekenning: Onderrigaansporing (MGO: Verkryging, opknapping en instandhouding van toerusting)</i> <i>Geoormerkte toekenning: Voedingskema vir MGO-sentrums. Hierdie toekenning maak voorsiening vir die voeding van leerders by MGO-sentrums by geïdentifiseerde skole</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Artikel 21-norme en standaarde</i> <i>Artikel 21-skoolgelde</i> <i>Nie-artikel 21-instandhouding en munisipale dienste</i>	19 708 633	16 728 183	1 343 782		1 630 533	6 135		451 289 37 184 4 929 23 016 62 268
						19			
						43 455			
						15 489			
						2			
						534 988			
						163 117			
						112 418			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaal-bates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
	Oordragte en subsidies								
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Beheerliggame van openbare skole en VKO-sentrums en beurse aan studente				917 297				
	Huishoudings								
	Werknemersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie				2 357				
6	Infrastruktuurontwikkeling	2 553 194	35 757	1 029 059	150 000	1 338 378			
	Om infrastruktuurfasieliteit vir skole en nie-skole te voorsien en onderhou.								
	Waarvan								
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Toekenning vir Onderwysinfrastruktuur							1 236 077	
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) Geïntegreerde Toekenning vir Provinsies							1 941	
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Vroeëkindertwikkelingstoelae.							13 330	
	Geoomerkte toekenning: Infrastruktuur							2 539 864	
	Waarvan								
	Toekenning vir Onderwysinfrastruktuur							1 236 077	
	Geoomerkte toekenning: Onderrigaansporing (MGO: Infrastruktuur). Vir die konstruksie van MGO-infrastruktuur in die vorm van sportsale, sportvelde, opgradering of instandhouding van swembaddens, groot, geplaveide staanplekke, kunsmatige gras, heinings, klubhuise en parkeergeriewe.							53 878	
	Oordragte en subsidies								
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Skoolbeheerliggaam (SBL) se projekte - Skool- en Skoolsaalprogram				150 000				
7	Eksamen en Onderwysverwante Dienste	1 618 836	398 743	526 529	693 174	390			
	Om onderwysinrigtings as 'n geheel van eksamen en onderwysverwante dienste te voorsien.								
	Waarvan								
	Nasionale voorwaardelike toekenning: MIV en Vigs (Lewensvaardigheidsopleiding)							17 822	
	Geoomerkte toekenning: Presidensiële Jeug-indiensnemingsinisiatief. Vir die indiensneming van onderwysassistente en algemene skoolassistente.							533 908	
	Oordragte en subsidies								
	Departementele agentskappe en rekeninge								
	Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (SETA)				11 295				
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Fondse voorsien vir die indiensneming van Onderwysassistente en algemene Skoolassistente				681 775				
	Huishoudings								
	Werknemersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie				104				

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
6	Gesondheid	29 094 331	16 700 121	9 466 986		1 832 255	1 094 969		7 829 482
	<i>Doel: Ons onderneem om gelyke toegang tot gesondheidsdienste van gehalte in vennootskap met die toepaslike rolspelers binne 'n gebalanseerde en goedbestuurde gesondheidstelsel aan die mense van die Wes-Kaap en verder te lewer.</i>								
	1 Administrasie	1 419 217	440 550	649 551		302 474	26 642		
	<i>Om die strategiese bestuur en algehele administrasie van die Departement te behartig.</i>								
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Tersiëre Dienste</i>								8 135
	<i>Geoomerkte prioriteitstoekennings:</i>								
	<i>Geweldvoorkoming</i>								10 000
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>								
	<i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>					619			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemerbystandsvoordele</i>					11 697			
	<i>Ander oordragte na huishoudings: Eise teen die staat</i>					290 158			
	2 Distriksgesondheidsdienste	11 982 435	6 520 440	3 996 669		1 346 612	118 714		
	<i>Om fasiliteitsgebaseerde distriksgesondheidsdienste (by klinieke, gemeenskapsgesondheidsentrums en distriks hospitale) en gemeenskapsgebaseerde distriksgesondheidsdienste (GGD) aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.</i>								
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Gesondheidsversekering</i>								41 609
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Nasionale Gesondheidsversekering:</i>								
	<i>Gesondheidspersoneel kontraktering</i>								18 205
	<i>Geestesgesondheidsdienste komponent</i>								23 404
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i>								2 268 294
	<i>Distriksgesondheidsprogramme-toelaag</i>								
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Distriksgesondheid-komponent</i>								415 431
	<i>Omvattende MIV, VIGS-komponent</i>								1 852 863
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Opleidingstoelaag vir Menslike Hulpbronne</i>								245 873
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Statutêre Menslike Hulpbronne komponent</i>								125 479
	<i>Opleiding-komponent</i>								120 394
	<i>Geoomerkte prioriteitstoekennings:</i>								
	<i>Provinsialisering van die Stad Kaapstad se PPHC-dienste</i>								18 094
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Provinsies en munisipaliteite</i>								
	<i>Stad Kaapstad: Primêre gesondheidsorgdienste</i>					685 086			
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Gemeenskapsgebaseerde dienste: Tuisgebaseerde sorg, geestesgesondheid, chroniese sorg en tuberkulose-nakomingsondersteuning</i>					108 494			
	<i>Booth Memorial: Intermediêre sorgfasiliteit - volwassenes</i>					31 132			
	<i>Aquarius-gesondheidsorg: Intermediêre sorgfasiliteit - volwassenes</i>					51 802			
	<i>St Joseph: Intermediêre sorgfasiliteit - kinders</i>					11 773			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofdelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	<i>Gemeenskapsgesondheidsklinieke: Entstowwe en tuberkulose-behandeling</i>					2 566			
	<i>Distriksbestuur: E-visie en IKT-ontwikkelingsprojek</i>					2 509			
	<i>MIV en Vigs: Gemeenskapsuitreik-, Lekeberading-, Palliatiewe sorg- en oorgangsdienste, ensovoorts</i>					204 177			
	<i>Voeding: Voedingsprogram</i>					3 938			
	<i>Gehooreuringsrehabilitasiewerkers en mentorskap in spraak-, taal- en oudiologiese dienste vir kinders (Philani, ensovoorts)</i>					1 978			
	<i>Tuisaflewering van chroniese medikasie</i>					500			
	<i>Welstandstrategie om te fokus op gesonde leefstylkeuses om chroniese leefstylsiektes te voorkom en te beheer, veilige en gesonde swangerskappe en grootmaak van kinders, en vermindering van skadelike persoonlike gedrag.</i>					10 220			
	<i>Gemeenskapsuitreikdienste-komponent</i>					194 913			
	<i>Lentegeur-veldhospitaal uitbreiding van toegang tot palliatiewe sorg in reaksie op COVID-19-pandemie</i>					15 000			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemerbystandsvoordele</i>					21 921			
	<i>Ander oordragte na huishoudings: Eise teen die staat</i>					603			
3	<i>Mediese Nooddienste</i>	1 299 323	777 215	405 994		915	115 199		
	<i>Om mediese nooddienste voor hospitalisasie te lewer, insluitende oorpasings tussen hospitale en beplande pasiëntvervoer; sowel as kliniese bestuur en koördinasie van noodmedisyne binne die provinsiale Gesondheidsdepartement.</i>								
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Provinsies en munisipaliteite</i>								
	<i>Provinsiale departemente: Voertuiglisensies</i>					18			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemerbystandsvoordele</i>					897			
4	<i>Provinsiale Hospitaaldienste</i>	4 461 350	3 149 483	1 248 633		21 454	41 780		
	<i>Om 'n hospitaaldiens te lewer wat toeganklik, geskik en doeltreffend is en algemene spesialisdienste verskaf, insluitend 'n gespesialiseerde rehabilitasiediens, tandheelkundediens en psigiatriese diens asook om 'n platform vir die opleiding van professionele gesondheidswerkers te skep en navorsing uit te voer.</i>								
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Opleidingstoelaag vir Menslike Hulbronne</i>								306 944
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Statutêre Menslike Hulbronne komponent</i>								114 267
	<i>Opleiding-komponent</i>								192 677
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Gesondheidsversekering</i>								1 996
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Geestes gesondheidsdienste komponent</i>								1 996
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Vir die befondsing van tuisversorging (Open Circle en Hurdy Gurdy) vir persone met outisme of intellektuele gestremdheid en met uitdagende gedrag</i>					3 850			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemerbystandsvoordele</i>					17 604			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
7	Maatskaplike ontwikkeling <i>Doel: Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike ontwikkelingsdienste te verseker wat die armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes geleenthede gee en hulle bemagtig.</i>	2 285 335	994 173	210 800		1 030 536	49 826		
	1 Administrasie <i>Die program omvat die strategiese bestuur en steundienste op alle vlakke van die Departement, d.i. provinsiale-, streeks-, distriks-, en fasiliteit- of inrigtingvlak.</i>	238 085	180 974	40 553		3 389	13 169		
	<i>Waarvan</i>								
	Oordragte en subsidies								
	<i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>								
	<i>Gesondheid en Welsynsektor Onderwys- en Opleidingsowerheid</i>					2 911			
	<i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>					15			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Beurse (Niewerknemers)</i>					463			
	2 Maatskaplike Welsynsdienste <i>Voorsien geïntegreerde ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste aan die armes en kwesbares in samewerking met belanghebbendes en burgerlike gemeenskapsorganisasies.</i>	1 040 140	529 437	85 655		396 829	28 219		
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Geoomerkte toekenning: Maatskaplike Werker</i>							16 514	
	<i>Indiensnemingtoekenning</i>							57 020	
	<i>Geoomerkte toekenning: Persone met gestremdhede</i>							10 911	
	<i>Geoomerkte toekenning: Sanitêre waardigheidsprojek</i>							21 915	
	<i>Geoomerkte toekenning: Aanvulling vir Maatskaplike werkers</i>								
	Oordragte en subsidies								
	<i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>								
	<i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>					4			
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Dienste aan bejaardes</i>					236 362			
	<i>Dienste aan persone met gestremdhede</i>					154 500			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemersbystandsvoordele</i>					5 963			
	3 Kinders en Families <i>Om omvattende kinder-, familiesorg- en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en organisasies in die burgerlike samelewing te verskaf.</i>	448 346	18 573	1 135		428 119	519		
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Geoomerkte toekenning: Groter ondersteuning vir gesinne as gevolg van die impak van COVID-19</i>							3 750	
	<i>Geoomerkte toekenning: Voorkomingsprogramme vir MIV</i>							6 150	
	<i>Geoomerkte toekenning: Haweloos Skuiling</i>							3 000	
	Oordragte en subsidies								
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Versorging en dienste aan families</i>					99 473			
	<i>Kinderversorging- en beskerming</i>					191 740			
	<i>Vroeë kinderontwikkeling en gedeeltelike sorg</i>					15 384			
	<i>Kinder-en-jeugversorgingsentrums</i>					111 658			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Plasing van kinders</i>					9 864			
4	Herstellende Dienste	468 779	246 228	82 272	132 360	7 919			
	<i>Om geïntegreerde ontwikkelende maatskaplike misdaadvoorkomingsdienste en teen- dwelmmisbruikdienste aan die mees kwesbares in die gemeenskap te voorsien in samewerking met belanghebbendes en burgerlike organisasies.</i>								
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Geoomerkte toekenning: Geweld Teen Vrouens</i>								18 723
	<i>Geoomerkte toekenning: Voorsiening van bedrywighede by kindersentrums</i>								14 728
	<i>Geoomerkte toekenning: Groter ondersteuning vir gesinne as gevolg van die impak van geslagsgebaseerde geweld</i>								3 750
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>								
	<i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>					22			
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie</i>					55 677			
	<i>Misdaadvoorkoming en ondersteuning</i>					13 002			
	<i>Slagofferbemaatrigting</i>					62 866			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemersbystandsvoordele</i>					793			
5	Ontwikkeling en Navorsing	89 985	18 961	1 185	69 839				
	<i>Om volhoubare ontwikkelingsprogramme te voorsien wat bemaatrigting van gemeenskappe fasiliteer, gebaseer op empiriese navorsing en demografiese inligting.</i>								
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Nasionale voorwaardelike toekennings: Sosiale sektor</i>								
	<i>Uitgebreide Openbarewerkeprogram - aansporingstoelaag</i>								4 978
	<i>Geoomerkte toekenning: Verskuiwing van Voedselnoodlenigingsfunksie</i>								15 286
	<i>Geoomerkte toekenning: Sosiale nood (voedselverligting / voeding)</i>								25 000
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Verligting van armoede en maak van 'n volhoubare bestaan</i>					55 668			
	<i>Ontwikkeling van Jeug</i>					14 171			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
8	Menslike Nedersettings <i>Doel: Om nedersettings te vestig wat goeie basiese en sosio-ekonomiese dienste bied.</i> <i>Om 'n reeks verhurings- en eienaarskaps- opsies aan te bied in reaksie op die verskillende behoeftes en die inkomste van huishoudings.</i> <i>Om nedersettings deurtlopend te verbeter deur 'n gesamentlike poging van landsburgers en die staat, ondersteun deur bydraes van die privaat sektor.</i>	R'000 2 414 805	R'000 240 236	R'000 108 002	R'000	R'000 2 060 609	R'000 5 958	R'000	R'000 2 116 034
	1 Administrasie <i>Om algehele bestuur aan die Departement te lewer in ooreenstemming met alle toepaslike wette en beleid.</i> <i>Waarvan</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Suid-Afrikaanse Uitsaikorporasie (SAUK)</i>	124 491	98 758	19 762		13	5 958		
	2 Behuisingsbehoefes, Navorsing en Beplanning <i>Om behuisingsafleveringsbehoefes, navorsing en beplanning te onderneem en te fasiliteer.</i>	25 379	24 897	482		13			
	3 Behuisingsontwikkeling <i>Om toelaes en behuisingsgeleenthede, waaronder toegang tot basiese dienste, aan begunstigdes te voorsien, ooreenkomstig die Nasionale Behuisingskode, 2009</i> <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Toekenning vir Ontwikkeling van Menslike Nedersettings</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Vennootskappe vir die opgradering van informele nedersettings vir provinsies</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) Geïntegreerde Toekenning vir Provinsies</i>	2 213 920	91 287	75 366		2 047 267			1 628 418
	<i>Oordragte en subsidies</i> <i>Provinsies en munisipaliteite:</i> <i>Akkreditasiebystand</i> <i>Nedersettingsbystandfonds</i> <i>Huishoudings</i> <i>Ontwikkeling van menslike nedersettings</i> <i>Informele nedersettings wat vennootskap vir provinsies opgradeer</i>					17 818 1 500 1 543 311 484 638			484 638
	4 Behuisingsbatesbestuur <i>Om strategies, effektiewe en doeltreffende bestuur, afwenteling en oordrag van behuisingsbates te voorsien.</i> <i>Waarvan</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Provinsies en munisipaliteite:</i> <i>Toekenning vir Herstel van Eiendomsregte</i> <i>Munisipale belasting en ander tariewe</i>	51 015	25 294	12 392		13 329	2 200		2 978

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
9	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning <i>Doel: Ter bevordering van 'n sterk volhoubare, gehalte en omvattende lewensomgewing ter ondersteuning van menslike welstand.</i>	R'000 568 586	R'000 241 071	R'000 23 729	R'000	R'000 299 101	R'000 4 685	R'000	R'000 68 989
	1 Administrasie <i>Om die algehele bestuur van die Departement te behartig en 'n sentrale steundiens te lewer.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	70 064	59 826	6 295		8	3 935		
	2 Omgewingsbeleid, Beplanning en Koördinerings <i>Om die integrasie van omgewingsdoelwitte by nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsbeplanning te verseker, insluitende provinsiale groei en ontwikkelingstrategieë, plaaslike ekonomiese ontwikkelingsplanne en geïntegreerde ontwikkeling. Die program sluit oorkoepelende funksies in soos navorsing, departementele strategie, inligtingsbestuur en klimaatsveranderingsbestuur.</i>	20 942	20 092	750			100		
	3 Nakoming en Toepassing <i>Om te verseker dat omgewingsnakomingsmoniteringstelsels daargestel en geïmplementeer word om wetgewing en omgewingsmagtigings toe te pas, nakomingsmonitering en toepassingskapasiteit te bou deur die instelling en opleiding van omgewingsbestuursinspektorate, om te reageer op klagtes en kennisgewings van omgewingsoortredings en om op te tree om hierdie klagtes te monitor en waar nodig die nakoming van omgewingsvereistes af te dwing.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	30 580	25 871	4 553		1	155		
	4 Omgewingsgehaltebestuur <i>Om wette, beleid, norme, standaarde en riglyne te ontwikkel vir omgewingsimpakbestuur, luggehalte-bestuur en om die bestuur van afval en besoedeling in provinsiale en plaaslike regeringsfere te ontwikkel.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	85 250	75 690	9 093		2	465		
	5 Biodiversiteitsbestuur <i>Om die billike verdeling en volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne te bevorder, om by te dra tot ekonomiese ontwikkeling deur bestuur van biodiversiteit tesame met die komponente, prosesse, habitate, en funksies daarvan.</i> <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram Geïntegreerde Toekenning aan Provinsies</i> <i>Geoormerkte toekenning: Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad (CapeNature) - Rampvoorkomingsmaatreëls - beheer van wegholveldbrande, vloede en ander risiko's</i>	305 482	11 213	1 179		293 090			4 468 10 848

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
10	Vervoer en Openbare Werke <i>Doel: Om onvermoeid die lewering van infrastruktuur en dienste na te streef wat omvattend, veilig en tegnologies relevant is, daarna streef om elke burger in die Wes-Kaap te genees, te bekwaam, te integreer, te verbind en te bemagtig, gedryf deur passie, etiek en 'n standvastige verbintenis tot die omgewing en ons mense as ons hoeksteen.</i>	9 106 398	1 177 477	2 903 569		1 995 266	3 030 076	10	2 643 729
	1 Administrasie <i>Om algehele bestuursondersteuning aan die Departement te verleen.</i>	252 697	156 650	79 568		12 211	4 268		
	<i>Waarvan</i> <i>Geoomerkte toekenning: Die ontwikkeling van 'n basiese sisteem om die impak van plaaslike inhoud te monitor en daarop te rapporteer.</i>								2 500
	<i>Oordragte en subsidies</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>					3			
	<i>Huishoudings</i> <i>Beurse (Niewerknemers)</i>					12 208			
	2 Openbarewerke-infrastruktuur <i>Om gebalanseerde provinsiale regeringsgebou-infrastruktuur te voorsien wat integrasie, toeganklikheid, volhoubaarheid, billikheid, omgewingsensitiwiteit, ekonomiese groei en maatskaplike bemagtiging bevorder.</i>	2 194 091	286 979	1 098 424		650 160	158 518	10	
	<i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) geïntegreerde toekenning vir provinsies</i>								13 373
	<i>Geoomerkte toekenning: Onderhoud - Dringende Onderhoud by Kinder- en Jeugsorgsentrums (Begrotingspos 7).</i>								27 995
	<i>Geoomerkte toekenning: Konstruksie- Infrastruktuur (Kapitaal) by Kinder- en Jeugsorgsentrums (vir Begrotingspos 7).</i>								60 659
	<i>Geoomerkte toekenning: Beroepsgeondheid en -veiligheid insluitende nakoming ten opsigte van brande.</i>								16 000
	<i>Geoomerkte toekenning: Voorsiening vir beplanningsprojekte wat vanuit die Projekvoorbereidingsfasiliteit geallokeer word vir buurtbeplanning, instaatstelling en gemengde gebruiksonwikkelingsinisiatiewe.</i>								12 080
	<i>Geoomerkte toekenning: Voorsiening vir instaatstelling: beplanning, omgewings- en erfeniswetgewende vereistes toegeken vanaf die Projekvoorbereidingsfasiliteit.</i>								16 000
	<i>Oordragte en subsidies</i> <i>Provinsies en munisipaliteite</i> <i>Munisipale bankrekeninge: Munisipale belasting en Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>					647 441	3		
	<i>Huishoudings</i> <i>Verlofgratifikasie</i>					2 716			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
